Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-05-24

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"

Ons verkoop hierdie jaar donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R250-00 per "top". Ons het slegs 'n beperkte voorraad bestel en daar sal slegs van die volgende groottes beskikbaar wees:
4-5 jariges
5-6 jariges en
7-8 jariges
Die fleecy tops is beskikbaar en kan nou aangekoop word. Stuur die kontant in 'n koevert skool toe, met die grootte en u kleuter se naam voorop, asb.

PARKERING

Die padpatrollie-projek is in 2017 begin met behulp van vrywillige ouers. Die doel daarvan is om die veiligheid van ons kleuters te verseker en die vloei van verkeer te reguleer.

Ons besef daar is uitdagings met die oplaai en aflaai van kleuters weens beperkte parkering, dus wil ons 'n vriendelike, dog ernstige beroep op ons ouers doen:

- Moet asb. nie op sypaadjies en hoeke parkeer nie (Munnikstraat spesifiek)
- Moet asb. nie voor Klein Lochieland en bure se motorhekke parkeer nie; personeel moet gereeld vroeër uitry vir sportwedstryde
- Moet asb. nie op of oorkant die stoptekens parkeer in Munnikstraat nie

Ons besef tyd is kosbaar en almal wil die taak so spoedig moontlik afhandel, maar ons kleuters se veiligheid moet almal se heel eerste prioriteit wees, al beteken dit om 'n bietjie verder te stap om u kleuter veilig by die skool te besorg. Al die personeel is reeds om 07:00 by die skool en die sekretaresse, Kayla, is al van 06:45 af by die hek; ouers is dus welkom om 'n bietjie vroeër u kleuter te kom aflaai.

Baie dankie aan dié ouers wat hul kleuters tydsaam en met soveel sorg aflaai en reeds 'n pragtige groet-roetine geskep het.

Ouers wat die nuusbrief op die d6 ontvang moet asb. seker maak dat albei ouers dié belangrike inligting lees.
Patience is not simply the ability to wait – it's how we behave while we're waiting: Joyce Meyer

KINDERKINETIKA
Ons kleuters moet asb **tekkies of toe skoene** aantrek op die dae wat hul Kinderkinetika het. Graad RR-kleuters het op Maandae kinderkinetika en graad R-kleuters op Woensdae. Die gras is soggens nat en dan gly die kleuters as hul oefeninge moet doen.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **ANDER LANDE**
Ons persepsies gaan wees: Getal: **Hersiening**
Klank: **Hersiening**

Assesserings:
Getalname: Een tot ses
Getalsimbole: 1 - 6
Potloodgreep
Klankvorming en klankherkinning van: o, a, d, g, j, i, r, n, m, l, k, h, b en f
Probleemoplossing tot by 6

Maandag	27 Mei:	Versier ‘n Afrika-pot ***Juffrou Jané van die Naaldekokerklas verjaar. Baie geluk!***
Dinsdag	28 Mei:	Leer oor verskillende lande se vlae
Woensdag	29 Mei:	**VERKIESINGSDAG: Skool en Nasorg is gesluit**
Donderdag	30 Mei:	Maak ‘n Meksikaanse hoed
Vrydag	31 Mei:	Ons gaan “kuier” by ander lande

GRAAD RR-INLIGTING:

STIPTELIKHEID
Ons doen asb. weer ‘n beroep op ouers om die kleuters soggens betyds af te laai. Daar is steeds ouers wat laat kom. Ons dagprogram begin **stiptelik om 08:00.** Dit is baie ontwrigtend as kleuters laat kom.

Ons tema vir volgende week is: **INSEKTE**
Ons persepsies is: Kleur: **Swart**
Vorm: **Hersiening**
Getal: **9**
Klank: **s-klankie**

Maandag	27 Mei:	***Juffrou Jané van die Naaldekokerklas verjaar. Baie geluk!***
Dinsdag	28 Mei:	Ons maak ‘n skoenlapper
Woensdag	29 Mei:	**VERKIESINGSDAG: Skool en Nasorg is gesluit**
Donderdag	30 Mei:	Ons teken liewenheersbesies
Vrydag	31 Mei:	Onthou skoolhempie en “lekkertjiedag”

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel